13
KONINKRYKSTYD
Jaargang 24 | 4 September 2026

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER




NG Kerk
Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

NG Kerk Vrystaat

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Suzanne van der Merwe | Andries Gous
Enrico Casaleggio | Mariëtte Odendaal | Juan du Toit | Marnette van Rensburg | Jan de Man
Riaan van Zyl | *CLF* | *Kerkbode* | *Bybel-Media*
*ENGO* | *UCSA-VCSV* | *Bybelgenootskap SA*

## KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyd breek net ná Pinksterfees aan en strek tot net voor Adventstyd. In hierdie seisoen word God se koninklike heerskappy en handelinge in elke faset van ons lewe en in die wêreld op baie maniere en met verskeie geleenthede gevier. Met Epifanie-, Paas- en Pinksterfees en die seisoene wat daarmee saamval, is ons herinner aan alles wat God ons skenk en het ons dit gevier. Gedurende Koninkrykstyd sit ons hierdie vierings voort en bely ons dat God nie net Koning is van dié wat in Hom glo nie, maar oor die ganse mensdom en skepping regeer.

*(@ vars.com)*

## DAGBOEK DÍT




## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* sal op **Vrydag 18 September** verskyn. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**BEDIENINGSBEGELEIDING** | VBO Netwerk
**Suzanne van der Merwe** | *Kroniese Kronieke – narratiewe van 'n nuwe normaal:* ***Ek is moeg om moeg te wees***

## ARTIKELS 05

**05** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | DEGNOS
**Andries Gous** | *DEGNOS-dinge*

**06** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Islam Getuienisaksie
**Enrico Casaleggio** | *Moslems se siening van die Heilige Gees*

**07** | **VENNOTE IN GETUIENIS** | Lesotho NGKA-opleiding
**Mariëtte Odendaal** | *Om hande te vat oor grense heen: Toerusting vir die NGKA in Lesotho*

**09** | **ALGEMEEN** | PredikanteSAAMkoms 2026
**Juan du Toit** | *Artikels van sy ervaring van die onlangse PredikanteSAAMkoms 2026 in Goudini*

**11** | **ALGEMEEN** | NG Gemeente Pearly Beach
**Marnette van Rensburg** | *'n Roepstem tot Gebed: 'n Roepstem tot Gebed*

**13** | **ALGEMEEN** | *Kerkbode (28 Aug, Deel 260 - Nr 163)*
***Kerkbode*** | *Fokus op Teologiese Opleiding*

## MEDIATEEK 16

***Kerkbode***
**Resensent: Jan de Man (21 Augustus 2026)** | *Sy het 'n konsentrasiekamp in die Suid-Vrystaat oorleef en haar dagboek is aangrypend*

(***Bethulie: My lewe in die kamp. Deur Rensche van der Walt***)

## VERJAARSDAE 18

## EKOLOGIE 20

**Mariëtte Odendaal** | ***'n Blouer hemelruim****: Die Internasionale Dag van Suiwer Lug vir 'n Blou Hemelruim op 7 September 2026*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 22

**22** | Erfenismaand-gids 2026
**22** | City Connect 50 Gebedsdae-gids
**23** | Advertensies

## OPLEIDING 26

## KERKBODE BROKKIES 27

## PUBLIKASIES 28

## WAT'S NUUS? 29
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 30

**Riaan van Zyl** | *Die hoop wat die opstanding bring*

## KONTAK ONS 32



KRONIESE KRONIEKE

# Kroniese Kronieke

## *narratiewe van 'n nuwe normaal*

BEDIENINGSBEGELEIDING
VBO Netwerk
*Dr Suzanne van der Merwe*

**Jou reis met kroniese siekte is ons prioriteit**

## Ek is moeg om moeg te wees

### Wanneer slaap nie herstel bring nie

Hierdie artikel bring Kroniese Kronieke se voortgaande navorsing oor kroniese siekte in gesprek met die persoonlike ervaring van aanhoudende moegheid. Die fokus val op selfbestuur, ondersteuning deur versorgers en professionele persone, asook die werks- en gemeenskapsruimtes waarin mense met kroniese siekte-uitdagings leef.

Vanuit 'n waardegedrewe raamwerk wat ook binne geloofskringe resoneer, word wetenskaplike kennis en persoonlike verhaal saamgelees: die een bied begrensing en meetbaarheid; die ander gee menslikheid en erkenning.

*__Dr Suzanne van der Merwe__ (Besigheidshoof en Woordvoerder: Kroniese Kronieke) in samewerking met __Matilda Swanepoel__ (Navorsingsdeelgenoot van Kroniese Kronieke)*

*"Ek is doodmoeg. Plat. Moeg, moeg, moeg."*

**Lees** meer »

# GRATIS

Skakel aanlyn in

tinyurl.com/ar6v35dw

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# Beskerm jouself teen kubermisdaad en aanlyn bankbedrog



## Dr Cornelie Crous

CA (SA)

**Senior Lektor aan die UV se Besigheidskool**

**'n Ervare akademikus, geoktrooieerde rekenmeester en opleier. Sy fokus op digitale geletterdheid en help ouer volwassenes om selfone en WhatsApp veilig en met selfvertroue te gebruik.**




**WOENSDAG**
**23 SEPTEMBER**

TYD
**09:00-11:00**

**ENGO-SAAL**
**VRYSTAAT**

NG Kerk Vrystaat

Geniet heerlike tee en verversings!

**082 783 0730**

**WhatsApp "JA"**

om te **RSVP** voor **16 September**

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE







VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS-dinge

## Liewe vriende van DEGNOS

### Hoe maak ons meer mense familie?

Wat gebeur wanneer gelowiges oor grense heen reis om kennis te deel? Soms gebeur iets veel groter: vreemdelinge word familie.

In die vorige *Vrypos* het ons vertel van ds Jafet Moyo en 'n groep van Luhebu-Noord Gemeente wat na Suid-Afrika gereis het vir 'n konferensie saam met die Platfontein-gemeente. Ná hul terugkeer was die boodskap eenvoudig: dit was 'n besondere en geseënde tyd.

Vir ses dae het Namibiese en Suid-Afrikaanse gelowiges saamgesels oor kerkwees en wat dit prakties beteken om die liggaam van Christus te wees. Die aanvanklike doel was om die Platfontein-gemeente te help om 'n eie, unieke kerkkultuur te ontwikkel. Maar soos so dikwels wanneer mense rondom Christus bymekaargekom het, het veel meer gebeur as bloot die oordrag van kennis. Families het mekaar weer gevind – sommige vir die eerste keer in baie jare.

### 'n Hart vir jongmense en die Evangelie

Jeugbediening en evangelisasie het 'n groot deel van die gesprek gevorm. Vir drie van die ses dae is daar geworstel met twee eenvoudige, maar belangrike vrae: Hoe lei ons jongmense na Christus? En hoe bereik ons mense prakties met die Evangelie?

Teen die tyd dat die groep huis toe vertrek het, het nuwe moontlikhede reeds begin vorm aanneem. DEGNOS en Platfontein het begin droom oor jeugkampe, jeugevangelisasie en ander volhoubare bedieningsgeleenthede.

Wat veral duidelik geword het, was die hart van hierdie Boesman-gelowiges om die Evangelie verder te dra en mense na Jesus toe te bring.

Dit het ook 'n ongemaklike maar noodsaaklike vraag na vore gebring: **Help ons mense werklik om Jesus te ontmoet, of help ons hulle soms bloot om "kerk te speel"?**

**Lees** meer »

# ISLAM

## Moslems se siening van die Heilige Gees

Vandag kyk ons na 'n belangrike vraag wat gereeld opduik in gesprekke met Moslems, naamlik: Hoe verstaan Moslems die Heilige Gees? Hoewel Christene en Moslems dieselfde term gebruik, bedoel hulle iets heeltemal verskillend daarmee. Om dit goed te verstaan, is dit nodig om in hierdie gesprek, soos ook in ander gesprekke, met respek, helderheid en teologiese integriteit met mekaar te praat.

In die Christelike geloof is die Heilige Gees die derde Persoon van die Drie-eenheid: volledig God, volledig teenwoordig, die Een wat nuwe lewe skep, gelowiges lei en wederbaar, die kerk toerus en Christus verheerlik. Maar in Islam is die prentjie heeltemal anders. Die Qur'an gebruik die term *Rūḥ al-Qudus*, wat letterlik "heilige gees" beteken, maar Moslems verstaan dit nie as 'n goddelike Persoon nie. Die Heilige Gees verwys in Islam *konsekwent na die engel Jibrīl*, wat ons as Gabriël ken.

In Islam is *Jibrīl* die belangrikste engel wat die oordra van boodskappe betref. Hy bring God se openbaring na die profete. Hy is die een wat die Qur'an aan Mohammed oorgedra het. Hy is ook die een wat volgens die Qur'an vir Jesus, of ʿĪsā, versterk het. Wanneer die Qur'an dus sê dat Jesus "met die heilige gees versterk is", bedoel dit dat God vir Jibrīl gestuur het om Jesus te ondersteun in sy sending. Dit is 'n heel ander verstaan as die Christelike idee dat die Heilige Gees in Jesus woon en deur Hom werk as deel van die Drie-eenheid.

Die Qur'an gebruik die woord **rūḥ** – gees – op verskeie maniere. Soms verwys dit na Jibrīl. Soms na die lewensasem wat God in Adam ingeblaas het. Soms na die openbaring self, asof die boodskap 'n "gees" is wat lewe bring.

Maar nooit word "rūḥ" in Islam verstaan as 'n goddelike Persoon nie. Dit is altyd iets wat van God afkomstig is, maar nie God self is nie.

Hierdie verskil is nie toevallig nie. Dit vloei uit die hart van Islam se teologie, wat radikaal monoteïsties is, oftewel die leer van Tawḥīd. Vir Moslems is dit belangrik dat niks en niemand ooit met God gelykgestel word nie. Selfs 'n engel soos Jibrīl, wat 'n verhewe rol het, bly net 'n skepsel. Daarom kan die Heilige Gees in Islam nooit God wees nie. Dit is 'n boodskapper, 'n dienaar, 'n draer van openbaring.

Wanneer ons hierdie verskil verstaan, sien ons hoe diep die twee tradisies se teologieë van mekaar verskil. In die Christendom is die Heilige Gees God self, maar ook God se teenwoordigheid in die wêreld, die Een wat gelowiges wederbaar, die Een wat die kerk lei, die Een wat Christus in ons vorm. In Islam is die Heilige Gees 'n engel wat God se boodskap bring en profete versterk. Die term klink dieselfde, maar die inhoud is radikaal anders.

Tog is daar ook raakpunte wat gesprek moontlik maak. Beide tradisies glo dat God met mense kommunikeer. Beide glo dat God profete stuur. Beide glo dat God se woord lewe bring. En beide glo dat daar 'n geestelike dimensie is wat nie net menslik is nie. Hierdie raakpunte kan 'n brug vorm vir gesprek, terwyl ons ook die verskille raaksien.

Vir ons as Christene is dit belangrik om die Moslem-siening te verstaan, nie om dit te aanvaar nie, maar om dit met respek en kennis in die gesprek te gebruik.

*'n Reeks Islam-artikels. Hierdie artikel handel oor Moslems se siening van die Heilige Gees.*

**Lees** meer »

VENNOTE IN GETUIENIS
NGKA-opleiding in Lesotho
*Mariëtte Odendaal*

# Om hande te vat oor grense heen

## Toerusting vir die NGKA in Lesotho

*"Die visie is om die kerk te bemagtig. Daar is 'n groot aantal gemeentes en gebedshuise, en die fokus is om die leiers van hierdie gemeenskappe toe te rus ..."*

***Ds Frans du Toit***
***Predikant: Hoopstad***

Oor die naweek van 8 en 9 Augustus het daar iets besonders gebeur in Mafeteng, suid van Maseru, hoofstad van Lesotho. Vyftig kerkraadslede en Sondagskoolonderwysers van sewe NG Kerk in Afrika (NGKA-)gemeentes in Lesotho het van heinde en verre daarheen gereis – nie omdat hulle moes nie, maar omdat hulle 'n diep behoefte het aan opleiding en geestelike groei. Daar het hulle di Frans du Toit en Victor Cloete, predikante van die NG Kerk Hoopstad, asook vir dr Herman Steyn, die koördineerder van **Veritas** in die Vrystaat, met ope arms ontvang. Die atmosfeer was hartlik, verwelkomend en vol afwagting.

Ntate Tumelo Raboletsi, sekretaris van die Ringskommissie NGKA Lesotho, som dit treffend op: *"The training had a profound impact on our leadership ... tools that are already strengthening how we shepherd our congregations."*

### 'n Kerk in 'n nuwe seisoen

Die NGKA Lesotho staan op die drumpel van 'n nuwe fase. Waar sendelinge vroeër die gemeentes bedien het, waarna daar 'n oorgangstyd was waar NGKA-predikante gemeentes bedien het, dra twee jong Sotho-predikante – di Tshepang Ts'oeu en Ramokhele Mokonenyane – nou die verantwoordelikheid vir die hele ring. Dit is 'n groot taak, maar ook 'n groot geleentheid: die geleentheid om plaaslike leiers te bemagtig om die bediening te help dra.

**Lees** meer »



*Foto: Kerkraadslede en Sondagskool-onderwysers van NGKA-gemeentes regoor Lesotho wat die tweedag-werkswinkel kom meemaak het. Links staan Herman Steyn van Veritas. (verskaf)*

# DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**'n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die Kerkorde, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

## 17 SEPT • R150

## SINODALE KANTOOR | 09:00

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, BFN, 9301 | Inskrywings sluit 14 September

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

2026
PREDIKANTE
**SAAMKOMS**

SAAM BID | SAAM VIER | SAAM KUIER | SAAM GROEI

ALGEMEEN
PredikanteSAAMkoms
*Juan du Toit*



# Wanneer die stilte 'n roep word

**25 Augustus 2026** | *PredikanteSAAMkoms, Goudini*

Lees meer »

Die oggend begin in stilte. 'n Stilte wat nie leeg is nie, maar vol verwagting. Mis lê soos 'n sagte kombers oor die berge, 'n tortelduif verbreek die stilte met sy bekende roep, en iewers tussen die berge en die vroeë oggendskemer begin 'n dag van ontmoeting, luister en hernude roeping. Onwillekeurig kom die woorde uit Psalm 121:1–2 by my op: *"Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het."*

## Die eerste tree van die dag

Kort daarna begin almal die bult uitklim. Daar is 'n vrolike geselskap en 'n tasbare energie onder die mense terwyl ons ons pad na die bymekaarkomplek aandurf. Ek kyk egter na die steil opdraande voor my en wonder of my bene vandag werklik hiervoor gereed is!

# Dominees, braaivleis en Rock-'n-Roll

**26 Augustus 2026** | *PredikanteSAAMkoms, Goudini*

Lees meer »



"Allawêreld, wat gaan hier aan? Ek hoor gelag, ek ruik braaivleis ... en skielik klink dit minder na dominees en meer na mense wat sommer net lekker mens is."

Dis omtrent die enigste gedagte wat deur my kop gaan terwyl die reuk van braaivleis en rook my al nader lok. Hoe nader ek kom, hoe harder hoor ek die gelag en gesels. Dit voel minder soos 'n formele byeenkoms en meer soos 'n klomp vriende wat om 'n tafel saamkuier – iets verfrissends in die hand en klassieke rockmusiek wat iewers in die agtergrond speel.

*"Don't stop believin'. Hold on to that feelin'."*

By die vuur staan 'n man met 'n leervoorskoot. Ek groet hom. Hy draai om en groet my terug asof ons mekaar al jare ken.

Ek verduidelik dat ek ongelukkig nie vir die Braaistoep-sessie bespreek het nie, maar dat die atmosfeer eenvoudig te aanloklik was om verby te stap.
"Hier is oorgenoeg vir almal wat bespreek het – en vir nog mense ook. Net soos in die NG Kerk: almal is welkom, en hier is genoeg vir elkeen."

2026 PREDIKANTE **SAAM**KOMS

SAAM **BID** | SAAM **VIER** | SAAM **KUIER** | SAAM **GROEI**

***Foto's**: Verskaf deur Juan du Toit*

# Waar grense verdwyn en harte saamklop

**26 Augustus 2026** | *PredikanteSAAMkoms, Goudini*

**Lees** meer »



Vandag is die tweede dag van die **Predikante-SAAMkoms 2026** – en as daar een ding is wat al hoe duideliker word, is dit dat hierdie SAAMkoms soveel meer as net 'n byeenkoms is. Dit is 'n plek waar mense weer asemhaal, waar grense vervaag en waar harte opnuut aan mekaar verbind word. Ek sien hoe die SAAMkoms elke predikant hier beïnvloed. Byna elke persoon met wie ek gesels, dra iets van dieselfde lig: 'n glimlag, nuwe energie en, dalk die mooiste van alles, 'n hernude lus vir die lewe.

Predikante meng met mekaar. Grense word oorgesteek. Streke kuier oor streeksgrense heen, en stories word uitgeruil asof almal mekaar al jare ken. Ringe meng met ringe. Jonger en ouer generasies vind mekaar. En skielik is daar nie meer 'n onderskeid tussen "ons" en "hulle" nie.

Daar is net ons.

En is dit nie presies hoe dit moet wees nie?



# Wanneer 'n SAAMkoms jou SAAMbly

**1 September 2026** | *PredikanteSAAMkoms, Goudini*

**Lees** meer »

Die tasse is uitgepak. Die wasgoed is waarskynlik al gewas. Die naamkaartjies lê iewers op 'n lessenaar of in 'n tas. Die laaste lied is gesing en die gesprekke rondom die tafels het stil geword. Ons is huis toe.

Maar iets van Goudini het saamgekom.

Vandag, op die eerste dag van lente, stap ek weer by die Sinodale Kantoor in. Buite begin die bome groen word. Die dae rek langer. Oral is daar klein tekens van nuwe lewe.

My kollegas verwelkom my hartlik terug en dit is lekker om weer hier te wees. Tog besef ek amper onmiddellik: iets het die afgelope week verskuif. Nie noodwendig iets groots of dramaties nie. Net iets in my.

Die PredikanteSAAMkoms 2026 by ATKV Goudini het my opnuut laat besef hoe kosbaar mense is – en hoe maklik vreemdelinge familie kan word wanneer ons werklik vir mekaar ruimte maak.

ALGEMEEN
Leraar van NG Gemeente Pearly Beach,
Sinode van Wes-Kaapland
*Ds Marnette van Rensburg*

# ’n Roepstem tot Gebed

## *Die toekoms van ons land is in Sy hande*

**Uit die stil kusdorp Pearly Beach het ’n dringende en hoopvolle behoefte ontstaan: ’n nasionale gebedsgeleentheid vir die toekoms van Suid-Afrika, gerig op die komende verkiesing op 4 November.**

Mense sê gereeld dat net God ons land kan red. Terwyl ons weet God is nie ’n towerstaffie wat ons bloot vir eie gewin kan swaai nie, weet ons ook dat Hyself ons aktief roep tot gebed. Die apostel Paulus leer ons immers in die Bybel: *“Maak alles deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.”*

### Die Belofte van Genesing

Wanneer ons as gelowiges saamstaan, staan ons op die kragtige belofte in **2 Kronieke 14:12-16**:

“Ek het jou gebed gehoor en hierdie plek vir My gekies as ’n tempel vir offers. As Ek die hemelruim sluit, sodat daar geen reën is nie, of as Ek die koringkrieke opdrag gee om die land kaal te vreet, of as Ek ’n pessiekte onder my volk loslaat, *en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid, en my teenwoordigheid opsoek en terugdraai van hulle verkeerde paaie, sal Ek self uit die hemel hulle hoor. Ek sal hulle sonde vergewe en hulle land genees.* **My oë sal nou oop wees en my ore sal aandagtig luister na die gebede uit hierdie plek.**

So het Ek dan nou hierdie tempel gekies en geheilig, sodat my Naam vir altyd daar sal wees. My oë en my hart sal altyd daar wees.”

### ’n Oproep aan Elke Christen

Hierdie is nie ’n uitnodiging vir slegs een kerk of groep nie. Ons wil graag hê dat **almal wat hulself Christene noem**, sal deelneem aan hierdie kragtige geleentheid.

- **Eenheid in Gees**: Dit hoef nie almal op dieselfde dag of plek te wees nie.
- **Wye Uitreik**: Die fokus is op deurlopende, opregte intersessies regoor die land.
- **Denominasionele samewerking**: Almal is welkom, ongeag jou kerkagtergrond.

**Lees** meer »






UCSA VCSV
TRANSFORMING LIVES
VERANDER LEWENS

# Ek is *Nina-Mari Hamman,*

- ds Cobus Hamman (leraar van NG Gemeente Bainsvlei) se dogter.
- Ek studeer tans in **Potchefstroom.**
- Ek is die leidster van die VCSV se **Buffelsbaai Stranddiens** vir hierdie jaar.

**Ek is baie opgewonde om hierdie geleentheid aan te gryp!**

## OM STRANDDIENS MOONTLIK TE MAAK
# HET ONS BORGE NODIG.

## ONS PROGRAMME

**POPPEKAS**
Kreatief, pretvol en boeiend vir alle ouderdomme.

**KOFFIEKROEG**
'n Vriendelike ruimte vir goeie gesprekke.

**SPORT**
Bou vriendskappe en geniet sport saam.

**BYBELSTUDIE**
Groei in geloof deur God se Woord.

**SPELETJIES & AKTIWITEITE**
Vir almal om te geniet.

- Die VCSV stuur jaarliks spanne na vakansie-oorde regoor SA om die evangelie van Jesus Christus te bedien.
- Ons span van ±14 vrywilligers lewer uitreikdiens in Buffelsbaai vanaf **12 Desember 2026 tot 2 Januarie 2027.**
- Ons vra vir u ondersteuning met finansies, produkte of ander hulpbronne.
- Sien aangeheg ons bankbesonderhede en lys van produkte / dienste wat ons benodig.

*Baie dankie vir u aandag en bydrae!*

### VIR MEER INLIGTING
Kontak Dawn by dawn@vcsv.co.za of skakel Antoinetta Breytenbach by 082 773 7062.

### BANKBESONDERHEDE
**NG Kandelaar Potchefstroom**
**ABSA**
Rek nr : 9277804135
Verw (Ref) : Buffelsbaai + Donasie
Bewys van betaling :
Christian.botha2005@gmail.com of ninamari05hamman@gmail.com

*Vriendelike groete*
**Christian Botha & Nina-Mari Hamman**
Spanleiers van die Buffelsbaai Vakansiedienstespan
Desember 2026 tot Januarie 2027

Christian.botha2005@gmail.com
ninamari05hamman@gmail.com
063 812 6349 | 060 971 1750

**U ONDERSTEUNING – FINANSIEEL, MET PRODUKTE OF HULPBRONNE –** *maak 'n verskil!*
**Kom saam met ons om die evangelie te leef en uit te dra.**

# Kom kyk wat gebeur in Bloemfontein

Daar is sewe dinge wat jy moet weet oor teologiese opleiding in Bloemfontein, skryf **Jan Lubbe** namens die dagbestuur van die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat.

**Een:** Teologiese opleiding is vir die NG Kerk Vrystaat (NGK VS) 'n kerklike saak. In die hart van 'n missionale kerk wat gemeentelike bediening en haar getuienisroeping vooropstel, leef 'n hegte band tussen identiteit en inhoud. Haar belydenis en bediening gee vorm aan haar opleiding; haar opleiding verdiep en vernuwe die bediening van haar belydenis.

**Twee:** Teologiese opleiding is vir ons 'n lewenslange vorming van geroepenes, wat in hulle jeugjare of later kan begin, en waarin kategese, akademiese grade en VBO's ons moet leer om te bly leer. Daarom dink die NGK VS aan haarself as 'n leergemeenskap ("it takes a whole village to raise a theologian"!) met ook medereisigers op dié weg – van die veilige sturende gemeente tot 'n Kovsie-studentegemeenskap wat die volle Suid-Afrikaanse demografie en kerklike verskeidenheid reflekteer. Dít laat groei ons studente in karakter, kulturele vaardighede en sosiale bewustheid.

**Drie:** Teologiese opleiding is vir ons soos 'n tweespoorveldpaadjie. Daar is samehang, integrasie en dinamika tussen hoogstaande teologies-akademiese opleiding enersyds en die kerklik-konfessionele vorming van studente andersyds. Dit beteken dat studente in Bloemfontein by twee studiesentrums inskryf: die Seminarium van die NGK VS (in 2016 gestig) en die Fakulteit Teologie en Religie (gestig in 1981) aan die Universiteit van die Vrystaat (UV).

**Vier:** In ons Seminarium word studente geestelik gevorm en kerklik begelei deur vier aspekte waarop ons fokus. Die eerste is teologiese identiteit – studente deurloop programme in die Kategismus, NGB, Dordtse Leerreëls en Kerkorde, die Belydenis van Belhar én die geskiedenis en kerkreg van die NG Kerk. Tweede fokus: Spiritualiteit – die student se Bybelkennis en -begrip, gebed en geestelike dissiplines wat tydens jaarlikse retreats verdiep. Derdens: Ontwikkeling van hulle persoonlikheidsprofiel en -vaardighede; deur toetsing en begeleiding; met programme oor verhoudings, kommunikasie, konflik, voordrag en sosiale-mediagebruik.

Die vierde fokus: Uitgebreide blootstelling en inoefening in kerklike bedieningspraktyk, van die eerste studiejaar in 'n opleidingsgemeente tot uiteindelik 'n volle gemeentejaar; tussendeur vier missionale uitreike (middestad, Lesotho, ander godsdienste in KwaZulu-Natal, en ons susterskerke in Botswana of Zambië). Hierdie vier aspekte is van toepassing op al ons studente op weg na die bekende bevoegdhede van volle leraar, hulpleraar en bedienaar.

**Vyf:** Die NGK VS vat hande met akademiese vennote – die tweede spoor van die veldpaadjie. Sopas het die Vrystaatse Sinode 'n nuwe amptelike ooreenkoms met die UV goedgekeur, omdat ons oortuig is dat studente hier in 'n ekumeniese fakulteit in die universitas van die wetenskappe en die teologiese ensiklopedie geskool kan word. Ons stel ook 'n stipendium van R100 000 per jaar beskikbaar vir die bevordering van gereformeerde teologie in die Fakulteit. Verder het ons 'n verbintenis aan Hugenote Kollege op Wellington, en ontvang ons ook studente van ánder geakkrediteerde instellings af.

**Ses:** Die landskap waardeur ons studente met die teologie reis, is meer kompleks as vroeër, en daarom verg dit dieper akademies-teologiese opleiding (eerder as ligter, minder, makliker); dit vra meer intense kerklike keuring en vorming (eerder as korter roetes); dit vereis duideliker begeleiding en deegliker inoefening van vaardighede (eerder as kits aanlynkursusse òf KI).

**Sewe:** In Bloemfontein is teologiese opleiding maklik bereikbaar, bekostigbaar (met beurse) en is ons persoonlik betrokke by elk van ons 35 studente (2026) – 'n hegte familie. Ons beleef daarom ook groei, wetende dat die Here nie sy Kerk onversorgd en herderloos sal laat nie …

## Universiteit van die Vrystaat: Voltydse dosente:



**Dr Nina Müller van Velden**
**Doserende vakgebied: Nuwe Testament**
**Eie navorsingsfokus:** Johannes-evangelie, Gender en seksualiteit in antieke kontekste, Maria, moeder van Jesus, Narratiewe literatuur, Verantwoordelike hermeneutiek in die 21ste eeu (in die besonder met berekking tot geloofsgemeenskappe).
Gemeente: NG Kerk Hugenoot



**Prof Lodewyk Sutton**
**Doserende vakgebied: Ou Testament**
Eie navorsingsfokus: Psalms, Antieke Naby Oosterse Oorlog, Ou Testament Antropologie en Ruimtelike lees van tekste.
Gemeente: Universitas Gemeente (Geloofsentrum)



**Ds Marlene Oosthuizen**
**Doserende vakgebied: Ou Testament en Spiritualiteit**
Eie navorsingsfokus: Die temas van my doktorale navorsing is spiritualiteit en teologiese opleiding. In Ou Testament is my spesialiteitsgebied wysheidsliteratuur en Hooglied.
Gemeente: NG Kerk Universitas-Wes



**Dr Lyzette Hoffman**
**Doserende vakgebied: Praktiese Teologie**
Eie navorsingsfokus: Geloofsvorming van tieners
Gemeente: Universitasrif Gemeente



**Dr Martin Laubscher**
**Doserende vakgebied: Homiletiek en liturgiek**
Eie navorsingsfokus: Die teologie en resepsie van Karl Barth; (Suid-Afrikaanse) Gereformeerde/Publieke Teologie; Teoloë as predikers (en predikers as publieke teoloë/intellektuele); Liturgie en lewe.
Kortom, allerlei aansluitings tussen (Gereformeerde) aanbidding, prediking, sistematiese teologie, publieke lewe en Christelike getuienis in die Suid-Afrikaanse konteks.
Gemeente: NG Kerk Berg-en-Dal



**Prof Juanita Meyer**
**Doserende vakgebied: Praktiese en Missionale Teologie / Pastorale Teologie en Praxis**
Eie navorsingsfokus: Pastorale teologie, en praktyke van sorg en berading, met 'n besondere fokus op kwesbaarheid, trauma, versoening, menslike florering en ekologieë van sorg binne verskeie Suid-Afrikaanse kontekste.
Gemeente: NG Kerk Waterbron



**Prof Henco van der Westhuizen**
**Doserende vakgebied: Sistematiese Teologie (Dogmatiek)**
Eie navoringsfokus: Godsleer (fokus op Pneumatologie), en die kruispunte van Teologie en Filosofie, Hermeneutiek, Letterkunde en die Kunste
Gemeente: NG Kerk Berg-en-Dal

# Hoekom betroubare en toeganklike inligting oor opleiding belangrik is

Dit bly vir my besonders wanneer mense navraag doen oor teologiese opleiding in die NG Kerk omdat hulle iets van God se pad met hulle lewe begin onderskei, skryf **Nioma Venter**.



Jongmense wat 'n innerlike oortuiging ervaar, tweedeloopbaanpersone wat opnuut nadink oor hulle plek in die samelewing, en lidmate wat eerlik vra: "Hoe bekwaam ek myself om my gawes en passies tot opbou van die kerk van die Here aan te wend?" Sulke navrae getuig van geloof, gehoorsaamheid en 'n diep verlange om sinvol in God se diens te leef.

By die kantoor van die Algemene Sinode verwelkom ons hierdie tipe navrae. Ons sien dit as deel van ons diensbaarheid om mense met betroubare, duidelike en toeganklike inligting te help en te verwys. Voornemende studente wil dikwels weet waar hulle meer kan lees oor opleidingsroetes en bedieningsmoontlikhede binne die NG Kerk. Gewoonlik verwys ons mense na die teologiese fakulteite by die Universiteite van Pretoria, die Vrystaat en Stellenbosch, asook na opleidingsopsies by Hugenote Kollege op Wellington.

Tog is die werklikheid dat voornemende studente dikwels hulle weg moet vind deur jaarboeke, programbeskrywings en universiteitsvereistes – en selfs dan is die groter prentjie soms steeds onseker. Teologiese opleiding in die NG Kerk bestaan immers nie slegs uit akademiese studies nie. Kerklike vorming, begeleiding en seminariumopleiding loop parallel met universiteitsopleiding, en die verhouding tussen hierdie verskillende dimensies van opleiding is nie altyd duidelik vir buitestanders nie. Dit lei soms tot onsekerheid oor hoe universiteite en die kerk saamwerk, of wat bedoel word wanneer daar van "ons fakulteite" gepraat word.

Ons ontvang ook gereeld navrae van mense wat reeds ander tersiêre opleiding voltooi het en nou nuwe bedieningsmoontlikhede oorweeg. Die afgelope paar jaar het daar boonop betekenisvolle ontwikkelinge rondom bedieningsvorme en bedieningsgeleenthede in die NG Kerk plaasgevind – onder meer rondom diensleraars en bedienaars se rolle. Sommige van hierdie prosesse is steeds besig om verder ontwikkel en verfyn te word. Juis daarom is dit belangrik dat lidmate en belangstellendes toegang het tot samehangende, verstaanbare en maklik toeganklike inligting.

Hierdie *Kerkbode*-uitgawe verskyn daarom op 'n gepaste tyd. Ons vertrou dat die artikels nie net helderheid sal bring nie, maar ook mense sal help om die landskap van roeping, teologiese opleiding en bediening in die NG Kerk beter te verstaan en moontlik selfs met groter vrymoedigheid hulle eie roeping verder te onderskei.

*Dr Nioma Venter is die algemene sekretaris van die NG Kerk.*

## 'Deurlopende vorming is noodsaaklik': Wat is VBO en hoe werk dit?

Voorgesette Bedieningsontwikkeling – beter bekend as VBO – is 'n gestruktureerde stelsel van voortgesette leer en professionele groei vir predikante en ander bedieningspersoneel in die NG Kerk.

Dit is in wese 'n formele raamwerk wat verseker dat leraars nie net eenmalig opgelei word en dan op eie houtjie koers hou nie, maar deurlopend groei in hulle roeping, kennis en vaardighede.

**Wat is die gedagte agter VBO?**

Die teologie en die wêreld staan nie stil nie. Gemeenskappe verander, mense se behoeftes ontwikkel, en nuwe uitdagings – van digitale kommunikasie tot geestesgesondheid, armoede en polarisasie – klop daagliks aan die kerkdeur. VBO erken dat 'n graad in teologie, hoe deeglik ook al, nie 'n predikant vir die res van haar of sy loopbaan kan toerus nie. Deurlopende vorming is noodsaaklik.

**Hoe werk dit prakties?**

Daar word van elke gelegitimeerde predikant in die NG Kerk verwag om jaarliks 'n bepaalde aantal VBO-punte te versamel deur erkende aktiwiteite by te woon of te voltooi. Dit sluit in kursusse, werkswinkels, kongresse, gevorderde akademiese studie, leergemeenskappe met kollegas en ander, en selfs gestruktureerde refleksie oor die praktyk van bediening. Verskillende sinodes en opleidingsinstellings bied erkende VBO-programme aan. Die stelsel word deur die betrokke sinodale strukture geadministreer, en predikante hou rekord van hulle deelname.

Dit is nie bloot 'n administratiewe oefening nie – dit is 'n verbintenis tot lewenslange leer as deel van wat dit beteken om 'n toegewyde en geïntegreerde, plaaslike teoloog te wees.

Dit loop saam met 'n predikant se jaarlikse ABR-registrasie en word ook in ag geneem voordat 'n predikant 'n beroep kan ontvang.

VBO is besig om te ontwikkel van 'n losstaande puntestelsel na 'n geïntegreerde ekosisteem van volwasse, holistiese leer.

Die uitdagings is kompleks, maar die verbeelding en samewerking tussen sinodes, sentra en die akademie maak groei moontlik.

Ons beweeg doelbewus na 'n kultuur van leer – nie net as 'n vereiste nie, maar as 'n roeping wat die identiteit van ons bediening verdiep.

**'n Belegging in die gemeente**

Wanneer 'n predikant groei, groei die gemeente saam. VBO is dus nie net 'n verpligting nie – dit is 'n gawe aan die mense wat elke dag bedien word.

BLÊR

# DIE VERLORE SKAPIE

deur MARTIN SCHWELLA




Kyk uit vir die

## NUWE REEKS 3

NG Kerk Vrystaat

SCHINK PUBLISHING

JONK

# KOM, LEES

## Sy het 'n konsentrasiekamp in die Suid-Vrystaat oorleef en haar dagboek is aangrypend


***Resensent: Dr Jan de Man** | 21 Augustus 2026*

### *Bethulie: My lewe in die kamp*

**Rensche van der Walt**

*(Uitgewer: Tafelberg Uitgewers, 2026)*

Die Anglo-Boereoorlog breek in Oktober 1899 uit tussen Brittanje en die twee Boererepublieke, die ZAR en die Vrystaat. In Februarie 1900 begin die Britse magte die Boererepublieke binnedring. In dié tyd vaardig Lord Roberts, die Britse opperbevelvoerder in Suid-Afrika, 'n proklamasie uit wat Vrystaters waarsku om hulle van verdere weerstand te weerhou. Diegene wat hieraan sou gehoor gee, sou nie verder in hulle persoon en besittings benadeel word nie. Teenoor burgers wat egter die Britse magte teenstaan en die Boerekommando's (wat hulle toe reeds op guerilla-oorlogvoering toegespits het) van voorrade of inligting voorsien het, sou "opgetree word in ooreenstemming met oorlogsgebruike". Wat Roberts hiermee bedoel het, sou spoedig uit die verskroeide aarde-beleid sigbaar word. As uitvloeisel van die beleid is verskeie konsentrasiekampe opgerig waar hoofsaaklik vrouens en kinders, wat in hegtenis geneem is wanneer plaaswonings (asook verskeie dorpswonings en ander geboue) en weiding afgebrand en vee gekonfiskeer is, gehou is. Een so 'n kamp was by Bethulie in die Suid-Vrystaat. Die 23-jarige Rensche van der Walt is in April 1901, saam met haar ma en drie sussies, van hulle plaas in die Reddersburg-omgewing na die kamp op Bethulie weggevoer. Die Van der Walt-vroue het die kamp oorleef en na die oorlog na Reddersburg teruggekeer. Rensche het nooit getrou nie en is op 2 November 1948 op 70-jarige ouderdom oorlede.




*Oorgeneem uit kerkbode.christians.co.za*

Rensche het vanaf haar eerste dag in die Bethulie-kamp haar ervarings neergeskryf. Hierdie dagboek was in haar besit tot haar dood. Na haar dood het haar suster, Hester, dit bewaar en later aan haar dogter, Kezia Hamman, gegee. Kezia het die dagboek in 1960 in Afrikaans vertaal en 'n klein oplaag uitgegee.

**Lees** meer »

Deur dr Jan de Man
*Kerkbode*
*21 Augustus 2026 / Boeke*

kerkbode

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

NG Kerk Vrystaat

# MOOIGENOEG

## KAMPTERREIN / CAMPING GROUND

## *Bloemfontein*







Ctrl + Click on the link to find us on the map:
https://maps.app.goo.gl/EjtnPhELWAHKMz7r8

## FACILITIES

- 154 bunk beds in total
- The sleeping units consist mainly of bunk beds.
- The bathrooms consist only of showers, sinks, and toilets.
- There are two separate equipped kitchens.

**7 Self-Catering Chalets** – Each chalet accommodates a maximum of 4 guests and has its own private bathroom. The chalets are equipped with bedding, a microwave, fridge, kettle, cutlery, and crockery.

**The entire premises can accommodate up to 182 guests.**

The campsite also features a large swimming pool (1.5 m deep), a spacious lawn area, and numerous shady trees.


## PRICES for 2026

| | | |
|---|---|---|
| **Accommodation without bedding** | **R135.00** | per night per person |
| **Day visitors (08:00-17:00)** | **R110.00** | per person per day |
| **Accommodation: Chalets** | | |
| 1 person | **R 330.00** | per unit per night |
| 2 persons | **R 600.00** | per unit per night |
| 3 persons | **R 880.00** | per unit per night |
| 4 persons | **R 1100.00** | per unit per night |
| **Kitchen** | **R 700.00** | per day |
| **Kitchen** | **R 1000.00** | per day (near hall for functions) |
| **Big hall** | **R 1200.00** | per day (when group sleeps over) |
| | **R 5500.00** | per day (functions) |
| **Olienhout + Kitchen** | **R 3300.00** | per day (functions) |
| **Caravan** | **R 160.00** | p/day per stand |











## INQUIRIES AND RESERVATIONS:


(051) 406 6700

EMAIL - ontvangs@ngkvs.co.za

# VERJAARSDAE

ngkerkvrystaat.co.za

# VEELS
## GELUK



Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## SEPTEMBER

04 Ds Jan Lubbe
BERG-EN-DAL

11 Mnr Johan Coetzer
SINODALE KANTOOR

15 Ds Dries Cronjé
VILJOENSKROON

15 Mnr Andreas Nieuwoudt
TORINGS VAN HOOP

16 Ds André Barlow
HUGENOOT

- Lekker verjaar -

**GRAAD 8–12 KAMP**

**26 SEPTEMBER TOT 1 OKTOBER 2026**

**MOOIGENOEG KAMPTERREIN BUITE BLOEMFONTEIN**

## »» MOOIGENOEG »»

# TIENERKAMP

## 26 SEPTEMBER TOT 1 OKTOBER 2026

















Kom sluit aan by ons inspirerende Christelike Tienerkamp vir graad 8–12! Begin jou dag met Geesvervulde oggendstilletyd in die pragtige natuurskoon waar jy met die Here kan connect. Geniet lekker koffieshop-kuiers, snoepie en etes saam met vriende oud en nuut.

Ontdek 'n dieper geloof en neem deel aan dinamiese groepsbesprekings wat handel oor verskeie tema's. Geniet die middag gevul met opwindende aktiwiteite en bou kosbare lewenslange vriendskappe.

Sluit die dag af saam met die praise & worship span en inspirerende sprekers. Sien jou daar!!

**KOSTE:**

# R999

Ouers is verantwoordelik vir vervoer indien u gemeente nie vervoer voorsien.

**INSKRYWINGSVORM**

**KONTAK ONS VIR MEER INFO:**

Cecilna Grobler 084 583 2925

Tano Bongers 072 176 5092

Morné Bruwer 082 857 7779

Braam Smith 060 556 9765

# EKOLOGIE



BEDIENINGSBEGELEIDING
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## ’n Blouer hemelruim

Sedert die eerste rookwolke van die Industriële Revolusie die hemelruim begin verdonker het, het die wêreld gou agtergekom dat skoon lug nie vanselfsprekend is nie. **Die Internasionale Dag van Suiwer Lug vir ’n Blou Hemelruim** (***International Day of Clean Air for Blue Skies***) **wat op 7 September gevier word**, herinner ons elke jaar daaraan dat lug ’n geskenk van God is.

Die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering het in 2019 besluit om jaarliks op 7 September wêreldwyd by die mensdom ’n bewusmaking te skep van die kritieke belangrikheid van luggehalte vir menslike gesondheid en die omgewing.

Die veldtog fokus op die dringende behoefte daaraan om lugbesoedeling te verminder en internasionale samewerking te versterk.

Wanneer die lug besoedel word, raak dit nie net ons longe nie, maar ook die ritme van die skepping. En wanneer ons dit beskerm, raak ons deel van God se genesing — nie deur groot projekte nie, maar deur klein, volgehoue dade van liefde.

**Hoe gemeentes ’n verskil kan maak**

- Hou ’n Ekologie-Sondag en laat die gemeente saam oor hierdie onderwerp met kundiges as hoofsprekers besin.
- Moedig gesonde verbranding aan – minder vlamme, meer sorg, meer herwinning.

**Lees** meer »



# Vibrant Audio

MI & AV SPECIALISTS

# FRIKKIE MARAIS

INDEPENDANT **SALES REPRESENTATIVE**

**YOUR TRUSTED PARTNER IN MUSIC.**

**30+**
YEARS
MI SALES
EXPERIENCE

**30+**
YEARS
LIVE MUSIC
(BAND PLAYING)
EXPERIENCE

**KEYS SPECIALIST**
Extensive knowledge of all the top brands – Roland, Yamaha, Casio, Tecnix, and any keyboard, digital piano, synth, organ or key related instrument.

**AN ICON**
WITHIN THE
LOCAL MUSIC
SCENE

**EXPERTISE. EXPERIENCE. PASSION.**
**LET'S MAKE GREAT MUSIC TOGETHER.**

GET IN TOUCH

**082 630 1048**
CALL / WHATSAPP


frikkie@vibrantaudio.co.za
EMAIL

www.vibrantaudio.co.za
WEBSITE

**PROUDLY REPRESENTING**
**VIBRANT AUDIO**
MI & AV SPECIALISTS

EXPERT ADVICE. PREMIUM BRANDS. EXCEPTIONAL SERVICE.

# AKTUEEL EN ALGEMEEN







## Erfenismaand 2026
## *'n Persoonlike reis deur September*

Hierdie Erfenismaand nooi ons jou uit om stil te staan by waar jy vandaan kom, raak te sien wat jy vandag ontvang het en te ontdek wat jy môre wil agterlaat.

Laai die **Erfenismaand-gids 2026** deur die Algemene Sinode van die NG Kerk in Suid-Afrika hieronder af.


Laai af


## Kom ons bid vir Suid-Afrika
## *50 dae van gesamentlike voorbidding*

**Verkiesing – 4 November 2026**

Wat as gelowiges in dorpe en stede regoor Suid-Afrika in dieselfde tyd, met een hart, begin bid – vir ons land, ons gemeenskappe en die mense wat ons dien? Die NG Kerk is genooi om deel te wees van 'n interkerklike gebedsaksie. City Connect: 50 Gebedsdae nooi elke gelowige om saam op 'n 50-dae-gebedsreis te gaan ter voorbereiding op die 2026-plaaslike verkiesings. Die gebedsreis strek van 14 September tot 3 November 2026. Laai die **City Connect 50 Gebedsdae-gids** hieronder af.

Laai af





SEPTEMBER IS
DEAF AWARENESS MONTH
See us. Sign with us. Celebrate with us.
NDERSTAND • ACCEPT • INCLUDE • SUPPO




Doen meer
MISSIO
www.missio.org.za
Digital Products
Jeugfokus Kategese+ | Jaar toegang | Gemeente | Gemeenterekening
Akkerpret/Kleuterpret-reeks
MISSIO




LEWENDE GELOOF
met Ferreira Marais
NUWE DROME
met Neil Büchner
JESUS U IS HIER
met Neil Büchner
AS EK EERLIK IS
met Deon Meiring
akkoord
deur BYBEL-MEDIA




Engo
LENTE Genadefees
18:30 vir 19:00
11 September 2026
Plek: Geloofsentrum, Bloemfontein
Prys: R100 per persoon
Kunstenaars
Du Preez en Jana Stoltz | Jaco Bezuidenhout | Jannie Moolman | Ella Kotze | Ilse Fourie
Levert Solomons | Riaan Naude | Unimus Orkes onder leiding van Anton Esterhuyse
ROSESTAD 100.6 FM





WELRIEDAL YOUTH CARE CENTRE
GOLF DAY
Together we drive change
FOR CHILDREN, FOR HOPE, FOR TOMORROW.
WATERHOLES R1500
R250 PER PERSON
DATE 19 SEPTEMBER 2026
VENUE BRAND MASHIE GOLF CLUB WELKOM
INCLUDED: HALFWAY HOUSE GREAT PRIZES
SHOTGUN START
MORNING: 07H30 FOR 08H00
AFTERNOON: 11H30 FOR 12H00
PRIZE GIVING: 17H30 FOR 18H00
WHAT TO EXPECT
FUN COMPETITIONS
R20 RAFFLE TICKETS FOR MYSTERY HAMPER
LOTS OF LAUGHS & MEMORIES
2BALL SCRAMBLE DRIVE – EXPECT THE UNEXPECTED!





CRUISE for a cause
MINIMUM R50 DONATION
WIN AN ALL-INCLUSIVE MSC CRUISE
TO THE PORTUGUESE ISLANDS
11 – 14 DECEMBER 2026
MSC CRUISES
Engo
EVOLVE




Heritage Bible sale
Enjoy 35% off
sitewide during Septemb

the sower
Number 252 • 2026
OOK BESKIKBAAR IN AFRIKAANS
With PRAYER GUIDE
bible society of south africa

ouditorium te huur
BYBELHUIS BLOEM
Ons wêreldklas ouditorium kan gehuur word
Billike fooie
Veilige parkering
Klank en beeld
Privaat of besigheid
BESPREEK NOU
051-4445980
elrika@biblesociety.co.za
220 Nelson Mandela Rln

# 20 VBO CPD punte
# 20 AFM PCD CPD punte
# 20 ACRP CPSC CPD punte



Handa Blake
**OPLEIDING EN OUTEUR**

## Die praktyk van Narratiewe Pastorale Terapie:

'n Interaktiewe "model" wat pastorale berading prakties en standhoudend maak.

godcenteredcounsellingtraining.co.za

- Praktiese beradingsvaardighede
- Pastorale sorg
- Selfsorg

Interpersoonlike-en verhoudingsvaardighede

Vir predikante, pastore, teologie-, sielkunde-en maatskaplike werk studente, jeugwerkers, en groepfassiliteerders

## R2420 per persoon sluit in

4 dae (36 uur) interaktiewe kleingroep opleiding
**GADC Werkboek** (volkleur - 399 bladsye),
**GADC Handboek** (volkleur - 366 bladsye),

**Dag 1: 6 Oktober**
**Dag 2: 7 Oktober**
**Dag 3: 15 Oktober**
**Dag 4: 16 Oktober**

**Opleiding in:** Westdene, Johannesburg
(of elders soos vooraf ooreengekom)
Reël alternatiewe kursusse en lokale
vir groepe van 6 of meer.
**Opleiding en outeur:** Handa Blake
**Meer inligting:** hbgadc@gmail.com,

GADC

# IN PAS
## *medereisigers*

NG Kerk Vrystaat

excelsus SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

5 VBO-PUNTE

Digitale boek






*Gasspreker*

## DR TOM SMITH

**Hoof van Excelsus**

Dr Tom Smith bring praktiese insigte en inspirasie om jou en jou gemeente met vreugde en doelgerig op pad te sit.

**BESPREEK JOU PLEK**

*voor*

**4 SEPTEMBER 2026**

**by dr Leon M Foot**

leon@ngkvs.co.za

| DATUM | TYD | PLEK | KOSTE |
|---|---|---|---|
| 16 WOENSDAG SEPTEMBER 2026 | 09:00 – 14:00 | Mooigenoeg Kampterrein | R100 per persoon (sluit 'n middagete in) |

**Bring asb 2-4 mense saam uit die gemeente** wat saam kan luister, saam opgewonde kan raak en saam begin stap!

Bedieningsbegeleiding dra self al die ander kostes, insluitend reiskoste.

*Huiswerk intussen:*

Ek heg die digitale weergawe van die boek **"IN PAS met die lewende God"** aan. Maak seker dat jy en almal van jou gemeente wat saamkom, ten minste bladsy 3-38 behoorlik deurgelees het. Dit gaan baie help met die vertrekpunt die 16de.

**LET WEL:**

Moenie die boek sien as die antwoord op wat **IN PAS** is nie. Dis 'n raamwerk vir wat in die Praktyk moet gebeur – 16 September en wat daarna gebeur is so belangrik vir ons reis saam vorentoe.

*Kom ons stap saam. IN PAS. Vir die lewende God.*

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE







**10 September**

2 VBO-punte

"Van liefdadigheid na geregtigheid", 'n inleidende gesprek aanlyn




**16 September**

5 VBO-punte

IN PAS-medereisigers met dr Tom Smith. **RSVP teen 4 September**




**17 September**

10 VBO-punte

Vanuit Religie: Ons en die Ander – waarom ons geloof verskil




**20 Oktober**

2 VBO-punte

Begrip vir Generatiewe-Bediening met dr Hannes Janse van Rensburg




**20-25 Sept**

Stillepolis

Stillepolis Lente-retraite 2026 te Philippolis



**22 Oktober**

2 VBO-punte

Kom ontmoet met die Heiliges: *"Oscar Romero"* met dr Lisel Joubert

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Goudini: 'Genade in die saamsing ... en baie daarvan'

*3 September 2026*
*Kerkbode*
*Artikels*
*Heléne Meissenheimer*




Basaargenade wat werk! Kaapse makro-gemeente ontvang Karoo-gemeente wat skaapvleis, vriendskap en opblaasplanetarium saambring

*3 September 2026*
*Kerkbode, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*



Elders gesien Nuwe musiek vir die kerk: Vier vars vrystellings

*31 Augustus 2026*
*Kerkbode*
*Verklarings*



Stemme, stories en beelde vanaf SAAMtrek by Goudini (24 - 28 Aug)

*18 Augustus 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*



Uit my Kerkdagboek: Jan Lubbe: Op die vooraand van PredikanteSAAMkoms ,'n Gebed vir Goudini die NG Kerk

*18 Augustus 2026*
*Kerkbode, Rubrieke*
*Jan Lubbe*



Elders gesien Hugenote Kollege bied aanlyn inligtingsessie (3 en 17 Sept) vir voornemende Bedienaars in die NG Kerk

*11 Augustus 2026*
*Kerkbode*
*Nuus*

Google Play kerkbode.christians.co.za App Store





R350

## Soos sagte reëns

### Luisterend nagedink oor die werk van die Heilige Gees

***Soos sagte reëns*** is presies dit: 'n welkome, verkwikkende gawe aan die kerk ná ietwat van 'n droogte in ons nadenke en gesprek oor die Heilige Gees. Met die wysheid van 'n ervare teoloog en deurleefde kerkmens, help Coenie Burger ons om die Gees opnuut raak te sien as die Een wat lewe gee, geloof wek, gemeenskap skep en die kerk die wêreld instuur. Hierdie boek val soos sagte reën op grond – stil en sonder vertoon, maar met die belofte van nuwe lewe.


***– Prof Nelus Niemand*** *(Oud-rektor van die Hugenote Kollege, oud-moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk.)*




R325

## Asem

Hierdie nuwe boek van Gerjo Ben dra heel gepas die titel ***Asem***. Jy moet tyd maak om asem te haal wanneer die lewe jou vasdruk, omklap, of jou asem wegslaan, want sonder asem is jy in groot moeilikheid. Dit laat my dink aan Job wat vir die Here gesê het: "Wil U nie 'n oomblik van my af wegkyk en my 'n oomblikkie laat asem skep nie." (Job 7:19) Daar staan letterlik: "... dat ek net my spoeg kan afsluk." Hierdie praktiese boek wil jou help om in God se teenwoordigheid jou spoeg af te sluk, jou asem terug te kry, en 'n vars perspektief uit God se hand op die lewe te kry.




R270

## Goed Genoeg

Gerridene Berg, motiveringspreker, entrepeneur en gelowige vrou, glo baie vroue is vasgevang in die leuen dat hulle nie goed genoeg is nie. Sy wil hulle help sodat hulle hul roeping kan instap met oorwinning. Gerridene vertel haar eie storie aan die hand van die volgende kwessies: die waarde van woorde en die invloed daarvan op ons; hoe vroue dikwels probeer presteer om aanvaarding te kry; die wortel van trauma en vrees; hoe mislukte verhoudings ons selfbeeld skeeftrek; vriendskappe en eensaamheid; hoe Christus die alleenheid vul; hoe God by ons is in ons donkerste oomblikke; vergifnis en om elke dag jou identiteit as oorwinnaar te kies en daarin te leef.Sy daag vroue uit om hul storie te deel, om sodoende ander vroue te help om hul eie stories te verstaan en deur te werk. Sy wil graag mense inspireer om genesing te vind.

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

## Gemeente**gebeure**

Kalender | Belangrike datums

### KALENDER

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer **hier**

### VAKATURES

### AFLOS

kerkbode

## Interaktiewe **Dagboek**

Deel jou dagboek hier

### DAGBOEK

### VAKATURES

vakatures@tydskrifte.co.za

### AMPTELIK

kerkbode@tydskrifte.co.za

## AMPTELIKE PREDIKANTENUUS

**BENOEMING** | **Ds Gideon Lamprecht** van Bethlehem-Panorama is benoem as die nuwe PSD: Bedieningsbegeleiding van die NG Kerk Vrystaat. Hy volg vir dr Leon M Foot op wat emeriteer. Sy datum van diensaanvaarding is 1 November 2026. Die Taakspan Beroeping PSD Noord-Kaapland maak hiermee bekend dat **ds De la Harpe le Roux** van Tweetoring-kerk, Bloemfontein en PSD Diens van Barmhartigheid, NG Kerk Vrystaat, op 28 Julie 2026 benoem is as PSD in Noord-Kaapland. **BEROEP** | Hiermee gee die Kerkraad van NG Kerk Onrusrivier kennis dat **ds Rikus Hattingh** vanaf die NG Gemeente Pellissier as voltydse predikant op 12 Augustus 2026 beroep is.




### HULPBRON OPGEDATEER: SÓ WERK AMPTELIKE NUUS OOR PREDIKANTE WAT SKUIWE

Deur Kerkbode / 3 Julie 2025 / Amptelik

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS



***Foto:*** *Ds Riaan van Zyl (verskaf)*

ALGEMEEN
Ondervoorsitter van die Moderamen
*Ds Riaan van Zyl*

# Die hoop wat die opstanding bring

**"Omdat Ek lewe, sal julle ook lewe." – Johannes 14:19**

Daar is min dinge wat 'n mens so diep nodig het soos **hoop**. Nie oppervlakkige optimisme nie. Nie die soort hoop wat sê: *"Alles sal seker maar uitwerk"* nie. Maar 'n hoop wat bly staan wanneer die lewe donker word; wanneer ons nie antwoorde het nie; wanneer ons bang is; wanneer ons verlies beleef; wanneer die toekoms onseker is.

Viktor Frankl, die bekende psigiater en oorlewende van die Nazi-konsentrasiekampe, het gesê: ***"He who has a why to live for can bear with almost any how."***

Dit is 'n diep waarheid. 'n Mens wat weet **waarom** hy leef, kan dikwels deur buitengewone moeilike omstandighede volhard. Maar vanuit die perspektief van die opstanding kan ons dalk sê Frankl – en die oorspronklike gedagte wat dikwels aan Nietzsche toegeskryf word – het dit nét 'n klein bietjie verkeerd gestel.

Die *opstandingsvertaling* sou dalk so klink: ***"He who has a WHO to live for can bear with almost any how."***

Want ons grootste hoop is uiteindelik nie 'n *wat* nie. Dit is nie 'n doelwit, 'n droom, 'n sukses of 'n plan nie.

Ons hoop is 'n **Persoon**. Jesus Christus.

Die opstanding verander alles omdat Jesus nie bloot vir ons 'n mooi filosofie of 'n beter manier van lewe kom gee het nie. Hy het die dood binnegestap – en weer uitgestap.

**Lees** meer »



# 26 Years Of Choral Brotherhood!

From our very first harmony to the powerful melodies we share today,
our 26-year journey has been fueled by a shared love for music and our community.
Looking back at where we started fills our hearts with pride,
but we're even more excited about where we're going.

***Want to be part of our next chapter and experience this incredible brotherhood firsthand?***

*We are searching for new voices to join our family.*



Reach out to us at

**076 277 4527**

to schedule your audition.



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Juan du Toit, **skakel@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2026 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2026**

Departement
*KOMMUNIKASIE EN BEMARKING*